

Opskrif: Hondsdolheid in beeste

Vraag: Hondsdolheid het in Noordwes kop uitgesteek.

Antwoord: 'n Uitbreek van hondsdolheid het al minstens 21 beeskalwers in die gebied tussen Bloemhof en Schweizer-Reneke in Noordwes geëis.

Hulle is nou in die proses om al hul beeste teen die siekte te ent, sê mnr. Cassie Maree van die plaas London. Hy het al 10 kalwers verloor en 'n buurman 11. Hulle vermoed die virus is deur 'n jakkals of rooimeerkat oorgedra.

Die vrektes by Maree het sowat drie weke gelede begin. Nadat longontsteking aanvanklik vermoed is, maar die vrektes aangehou het, het mnr. Maree die veearts op Bloemhof, dr. Cizelle Naude gekontak en raad gesoek. Na 'n deeglike telefoonkonsultasie met mnr. Maree, het die veearts aanbeveel dat hy die siek kalf skiet en die kop na haar toe bring. Die brein is uitgehaal en na Onderstepoort gestuur om teenwoordigheid van die hondsdolheidvirus te bepaal. Die uitslae het op Vrydag 3 Februarie 2017 teruggekom as positief. Op dieselfde dag het Mnr. Maree nog 'n dooie kalf Onderstepoort toe gevat. Prof. Leon Prozesky van Patologie het die nadoodse ondersoek gedoen en pas bevestig dat dit ook positief is.

Hy sê die siek kalwers het almal die eerste dag ophou suip en die tweede dag begin bulk en skuim om die bekke gekry. Hulle was ook half verlam in die agterlyf. Binne drie tot vier dae vandat hy dié simptome gesien het, het die diere gevrek. Enige soogdier kan met hondsdolheid besmet word.

Dr. Jan van Wyk van die Fakulteit Veeartsenykunde aan die Universiteit van Pretoria skryf op die Vra vir Faffa-blad op *Landbou.com* dat enige bees wat besonder hard en abnormaal kras bulk, uiters verdag en gevaarlik beskou moet word totdat die moontlikheid van hondsdolheid uitgeskakel kan word.

Dieselfde geld gevalle met abnormale speekselloop, veral wanneer dit met onvastheid op die voete gepaard gaan, veral in die agterlyf. Simptome van hondsdolheid by beeste kom dikwels baie ooreen met dít wat te siene is wanneer 'n vreemde voorwerp in die keel of slukderm vassit.

Ná blootstelling aan die hondsdolheidvirus kan dit tot so lank as twee jaar duur voordat die siekte merkbaar is. Moderne entstowwe is baie doeltreffend, maar wanneer die eerste simptome voorkom, is dit reeds te laat en is die dood onafwendbaar.

Daar is ook op 8 Februarie 'n hoogsverdagte hondsdolheidgeval in 'n hond van die informele nedersetting van Bloemhof gesien. Die hond het moontlik die paraltiese vorm gehad. Die dier is uitgesit en die brein in gliserosaliene na die OVI se Virologie Laboratorium gestuur. Uitslag van die ondersoek sal bevestig word sodra dit van die laboratorium ontvang is.

Hieronder is inligting om onsekerhede wat beesboere oor hondsdolheid het uit die weg te ruim.

## **Hondsdolheid in beeste**

### **1. Hoe raak beeste in 'n kudde besmet met die hondsdolheidvirus?**

- Hulle raak besmet wanneer 'n hondsdolbesmette dier (gewoonlik 'n hond of jakkals – hulle is tipies die belangrikste draers) een van die kuddediere byt. Wanneer wat dit gebeur, sal die hond/jakkals tipiese kliniese tekens van hondsdolheid wys en sal so 'n dier binne 3 tot 5 dae vrek.
- 'n Verandering in normale gedrag en disoriëntasie is tipiese vroeë siektetekens van hondsdolheid. Dus in plaas daarvan om soos gewoonlik groot diere in 'n kudde te vermy, sal

hondsdol honde/jakkalse glad nie bang wees om tussen die diere in die kudde te loop nie. Beeste is van nature nuuskierig en sal hierdie diere wat snaaks reageer benader soos gesien kan word in die foto hieronder. Die dol dier sal die nuuskierige koei dikwels aanval aangesien hondsdoldiere gewoonlik aanval as hulle gestimuleer word. (Die hond op die foto het sekondes later aangeval). As dit eers gebeur, breek paniek in die kudde uit en sprei hulle uit met die gevolg dat daar nie baie ander beeste gebyt word nie. Dit is daarom raar om meer as een of twee koeie in 'n kudde te kry wat deur 'n enkele hondsdoldier gebyt is.



- Hondsdolheid versprei ook nie baie effektief nie. Daar is geskat dat elke hondsdoldier slegs 1,2 ander diere besmet en selfs as so 'n hondsdoldier meer diere byt, nie almal besmet sal raak nie. Baie faktore verhoed dat die virus uiteindelik die senuweestelsel sal binnedring.
- As gevolg van die brose natuur van die virus buite die gasheer, is dit hoogs onwaarskynlik dat die virus van koei tot koei oorgedra sal word deur kontak met kos en waterkrippe.
- Dit is ook onwaarskynlik dat direkte kontak tussen beeste kan veroorsaak dat hondsdolheid van een koei na 'n ander oorgedra kan word en dit is feitlik ongehoord dat een bees 'n ander bees sal byt.

## 2. Watter voorsorgmaatreëls kan getref word?

- Wees op die hoede betreffende rondloperhonde en jakkalse op die plaas.
- Beperk bronne van kos vir jakkalse en rondloperhonde deur kalwing van koeie te bestuur asook die wegdoening van nageboortes en karkasse. Moenie aasvoëlrestourante op die plaas vestig nie want dit lok rondloperhonde en jakkalse aan en skep die ideale omgewing vir hondsdolheidvirus oordraging wanneer diere veg vir dominasie om kos te bekom.
- Ent alle honde op die plaas teen hondsdolheid. (Dit is 'n wetlike vereiste en is die verantwoordelikheid van die eienaar.)
- Om jakkalse uit te skiet gaan nie noodwendig die situasie verbeter nie. Dit is bewys dat dit in werklikheid 'n negatiewe gevolg kan hê deurdat 'n territorial vakuüm kan ontstaan wat nuwe jakkalse na die plaas kan lok wat ongewenste beweging veroorsaak.

3. **Watter kliniese tekens sal 'n hondsdolbesmette koei wys?**

- Verandering in gedrag!!!!
- Daar is twee vorms van die siekte – 'n aggressiewe en 'n dom vorm
- Afskeiding van die kudde
- Windsluk/Bulk
- Probleme om te te sluk (lyk of 'n been in die mond of slukderm vassit)
- Erge spoegloop
- Aggressie
- Inkoördinasie
- Rukkings en vrekte
- Die domvorm toon eerder depressie en verlamming

4. **Wat moet ons doen/ hoe moet ons koei hanteer wat ons vermoed besmet is?**

- Stel die Staatsveearts in kennis!
- Isoleer en neem waar – gewoonlik word vinnige agteruitgang binne 'n paar dae gesien.
- Waarsku personeel om kontak met die dier te vermy weens aggressiwiteit
- Moenie hande in die koei se bek steek om vas te stel of daar 'n voorwerp vassit nie – dit is 'n algemene fout wat begaan word en skep 'n groot risiko dat die persoon besmet kan raak.
- As die dier hanteer moet word, dra beskermende klere en 'n bril.

5. **Hoe om 'n monster te neem van die besmette dier vir bevestiging van die hondsdolheid**

- Dit word nie aanbeveel dat enige persoon, wat nie ingeënt is teen hondsdolheid nie, 'n monster neem nie!
- Die Staatsveearts of privaatveearts moet in kennis gestel word en hulle is verantwoordelik om 'n monster te neem.
- Die brein van die verdagte hondsdoldier is die enigste monster wat aanbeveel word om die diagnose te bevestig.
- As geen ander opsie vir die boer beskikbaar is nie, kan hy/sy die hele kop van die dier verwyder en dit binne in ten minste twee lekvrye plastiese sakke plaas en dit aan die Staatsveearts besorg. NB Beskermende klere om die oë, mond, hande en arms moet gedra word. **HIERDIE HANDELING MOET NIE EERS PROBEER WORD INDIEN DAAR ENIGE OOP WONDE/SNYE/SKRAPE op enige deel van die liggaam is wat moontlik in kontak met bloed/spoeg of enige moontlike besmetlike materiaal van die dier kan kom nie. Na monster geneem is, moet alles ontsmet word.**
- Vervoer van 'n moontlik besmette dier is onderhewig aan die padvervoerwette van die RSA en moet op 'n gekontroleerde manier deur 'n amptenaar gedoen word.
- Daar is slegs twee laboratoriums in die RSA wat 'n hondsdolmonster kan prosesseeer en daarom moet alle versendings gehanteer word deur 'n Staatsveearts.

6. **Is 'n inentingsprogram 'n ekonomies lewensvatbare opsie?**

- Slegs die boer kan besluit of inenting van die hele kudde 'n lewensvatbare opsie is nadat alle faktore van die uitbreek geëvalueer is.

**Wat sal so 'n inentingsprogram behels?**

- Geïnaktiveerde entstowwe moet veilig wees vir alle ouderdomsgroepe en omstandighede (sien die vervaardiger se spesifikasies).

- Die eerste inenting vir kalwers vind op 4 maande ouderdom plaas behalwe in gevalle waar hulle moeders reeds voorheen ingeënt was. In sulke gevalle word die primêre inenting op 9 maande toegedien.
- Na hierdie aanvanklike inenting word 'n skraagdosis na 'n jaar gegee en daarna elke 3 jaar.

#### 7. **Watter voorsorgmaatreëls moet werkers wat met beeste werk, neem?**

- Wees opmerkzaam en rapporteer die teenwoordigheid van 'n jakkals of enige ander wilde diere/ rondloperhonde in die beeskudde.
- Wees opmerkzaam vir enige abnormale gedrag en ander siektetekens soos hierbo beskryf.
- Moenie enige verdagte dier sonder beskermende klere hanteer nie.
- Oppas vir enige moontlike aanvalle (verandering in gedrag!)
- Isoleer diere en kontak die Staats- of privaatveearts.
- Die hondsdolheidvirus is baie vatbaar vir die meeste ontsmettingsmiddels met die gevolg dat hande, lappe en die omgewing ontsmet kan word.
- Ent alle honde op die plaas teen hondsdolheid!

#### 8. **Riglyne hoe om van besmette karkasse ontslae te raak**

- Hondsdolheidvirus is baie labiel (swak) en gaan maklik dood en gevolglik is die karkas nie so 'n groot risiko nie. **MOET EGTER NIE SPEEL MET HONSDOLHEID NIE! Alle moontlike voorsorgmaatreëls moet getref word.**
- Bevestig die diagnose.
- **MOET NIE DIE VLEIS EET NIE!**
- Moet nie die vleis aan aasvoëls voer nie want ander aasdiere mag dalk ook daar vreet en daar is 'n klein kans dat hulle besmet kan raak deur inname van dele van die karkas.
- Vermoed dat die karkas opgesny word aangesien persone wat dit doen 'n hoër risiko het om besmet te raak. Indien dit wel gedoen moet word, moet beskermende klere gedra word en persone ingelig word oor die gevare van die siekte.
- Deur die karkas te verbrand, word die virus vernietig.
- Begrawe die karkas diep genoeg sodat aasvreter dit nie kan vreet nie.
- Ontsmet areas wat dalk besmet kon word.

#### 9. **Behoort personeel wat met beeste werk ingeënt te word?**

- Nie as 'n roetine nie – Hondsdolheidstof is baie duur en is as 'n standaardinenting nie nodig nie.
- Indien die nodige voorsorgmaatreëls getref word, hou beeste baie min gevaar vir mense in.
- **Indien enige mens op enige manier dalk met die virus in aanraking kon kom, moet daar so gou moontlik met 'n mediese dokter in aanraking gekom word vir behandeling! Die tyd wat dit neem voor behandeling geskied is van die grootste belang want indien dit betyds gedoen word, is dit 100% effektief.**

**Geskryf deur:** Die KwaZulu-Natal Dieregesondheidsforum ([www.nahf.co.za](http://www.nahf.co.za))

Besoek ook [www.landbou.com](http://www.landbou.com)

Klik op: Indeks van antwoorde

Klik op: Beeste

Klik op: Siektes

Klik op : Hondsdolheid

27 Maart 2017